

STELLENBERG BYBELSKOOL

Momente wat Paulus se lewe gevorm het Sessie 5. Paulus in Galasië, Filippi en Korinte



Ons sessie bring ons vandag by drie plekke van betekenis uit waarvan julle in Galasiërs, Filippense en 1 & 2 Korintiërs kan lees (kyk of julle die briewe kan deurlees).

Rondom 49 nC het Paulus van Antiogië gereis. Hy het die Taurus berge oorgesteek en 'n aantal klein gemeentes in die streek Galasië besoek. Hierdie was 'n Indo-Europese gemeenskap wat eens as huursoldate geopereer het (hulle was van Keltiese afkoms) en hulle later as kleinboere in die omgewing gevestig het. Hulle moes twee uitdagings hanteer:

1. Hulle voel as bestaansboere 'n sukkelbestaan. Die surplus van hulle oeste moes aan die Romeine gegee word wat maar onlangs eers (27vC) beheer geneem het van die gebied. Hulle sukkel om by die Romeinse kultuur aan te pas en was van aristokrate in hulle gemeenskap afhanklik. Die sisteem, wat

ryker en meer invloedryke mense bevoordeel het, het hulle verder verarm en tot gevolg gehad dat sommige hulle grond verloor het.

2. Daar is 'n intern godsdienslike konflik in hulle gemeenskap. Joodse gelowiges het na Paulus hier opgedaag en hulle geleer dat hulle die koms van die Messias kan aanwakker wat 'n nuwe orde sal bring deur nougeset aan Joodse godsdienslike wette te bly. Dit was baie aantreklike alternatiewe vir mense wat deur die Romeinse uitgebuit is. In wese het hierdie groep dus Paulus se evangelie probeer korrigeer.

Teen hierdie agtergrond skryf Paulus die volgende in Gal 1:6-7, 3:1-3. Hy is ontnugter dat idealistiese godsdienslike beloftes die gemeente se aandag aftrek van wat God van hulle in hierdie tyd vra. In Gal. 5 praat hy spesifiek met hulle oor die slawejuk van godsdiens en die Romeinse ryk waaronder hulle leef en wat twis onder hulle tot gevolg het. Paulus bepleit dan 'n ander reaksie en praat dan verder met hulle oor die bekende beeld van die vrugte van die Gees.

Van Galasië kruis Paulus die Egeïese see en besoek Fillipi, Tesalonika en daarna Korinte. Ons gaan eers stilstaan by die gemeente in Korinte. Hierdie was die rykste stad in die provinsie van Agaje. Die gemeente is deur rykdom en armoede verdeel. 'n Gedeelte van die gelowiges wat invloed gehad het se besigheid is deur die Romeinse klassistelsel bevoordeel, terwyl die armer werkersklas se bestaan aan hulle uitgelewer was. Dit het Paulus geweldig frustreer en hy spreek hulle skerp aan in 1 Kor 11 wanneer dit oor die nagmaal gaan. Dit blyk dat ryker mense tydens die ete van die nagmaal al die kos opgeëet het en daar niks oor was vir armer lidmate uit die werkersklas, wat later vir die nagmaal opgedaag het nie. Dan was daar ook 'n voorspoed teologie wat onder sommige gelowiges posgevat het. Dit het die belofte ingehou van 'n hoër geestelike vlak van bestaan waarvan geestelike gawes as bewys gedien het. Dit het net verdere verdeling in die gemeente gebring en kan op geen manier in verband gebring word met die genade van Jesus se sterwe en opstanding nie. Hierop volg Paulus se bekende respons in 1 Kor. 13.

Drie baie bekende persone het in Korinte gepreek: Paulus, Petrus en Apollos en dit wil voorkom asof elkeen die Evangelie anders verduidelik het wat ook nog tot onderlinge spanning aanleiding gegee het (1 Kor. 1:12). Apollos was 'n

charismatiese prediker wat groot skares mense getrek het. Volgens Handeling 18:25 het Johannes net die doop van Johannes, wat 'n tipe bekerings doop was, geken. Paulus se begrip van doop het daarmee verskil omdat die bekering gedeelte gekoppel was aan die genade van Jesus se sterwe en opstanding. Apollos se prediking het dus waarskynlik 'n groep gelowiges onder die indruk gebring dat wanneer hy hulle gedoop het, hulle tot 'n hoër geestelike bestaan toegang gekry het waarin hulle op 'n manier immuun teen sonde was. Dit het nie net die gemeente verdeel nie, maar 'n "geestelike groep" het die gevaar geloop om te maak net soos wat hulle wou (dit blyk dat dit ook tot onder andere onsedelikheid aanleiding gegee het). Paulus sluit dan sy eerste brief aan die Korintiërs af deur te praat oor die realiteit van Christus se opstanding waarin hulle leef.

Paulus se brief aan die gemeente in Fillipi gee 'n eenvoudige en baie praktiese perspektief vir gelowiges om uitdagings te hanteer. Lees Fil. 2:1-11. Hierdie is 'n baie vroeg Christelike lied wat in gemeentes gesing is. Die kern waaroor dit in die Evangelie gaan kom duidelik na vore. Wat is die gesindheid waartoe Paulus gelowiges hier oproep? Hoe kan dit ons vandag help om geskille, verskille en uitdagings te hanteer?